
BOEKE

# Liriese Bildungsroman vang troebel tydsgees vas

Deur Jonathan Amid | 09 September 2019 00:00




**Fiksie**

**Halley se komeet**

**Hannes Barnard**

**WENKBROU, R320**

Die Bildungsroman, of die 'coming-of-age-story', ingelyf deur Johann Wolfgang von Goethe, *Wilhelm Meister's Apprenticeship* in 1795, is immergroen.

Grootword is nie vir sissies nie. Soos Virginia Woolf seg: "Growing up is losing some illusions, in order to acquire others." Hierdie wisselwerking – tussen illusies wat verlore gaan, en nuwes wat geskep word – kenmerk ons lewens. "We have art in order not to die from the truth," aldus Nietzsche.

Die *kuns* van lewe: om te oorleef. En ons oorleef ontluistering en ontnugtering, ironies genoeg, deur vas te klou aan Waarheid. 'n Fundamentele Westerse waarheid is dat pyn, trauma en verlies ons toegang gee tot groei, tot die betekenisvolle bestaan.

Die Bildungsroman is universeel, tydloos en klassiek in dat dit die onskuldige, onervare "ek", die jeugdige protagonis, se ervaring situeer in 'n konteks wat gewoonlik 'n onuithoudbare opoffering van die individu verwag in ruil daarvoor om "gelukkig" te wees. Ignorance is bliss. Drink die Kool Aid.

Met verandering en groei die twee wagwoorde word die vormingsjare en geestelike opvoeding van die protagonis, gewoonlik manlik, weergegee. Laagtepunte verpletter, hoogtepunte laat die held sweef. Iewers lê die ontwakingsmoment opgesluit, dit wat alles, vir ewig en altyd, sal verander. Karakters word met ontroering vervul, ervaar verskeie tintelinge, word in vervoering gebring, knieë lam en harte wat klop in die keel. Die jin tot die jang is angs, onsekerheid, ambivalensie, vrees. Die held bevraagteken gesag soos sy eie denkwyses onder beleg kom.

Ongeag die reis van die held – en ons dink beslis hier aan Joseph Campbell se klassieke, Jungiaanse *The Hero's Journey* – word die held weer geïntegreer in die samelewing. Ontnugter, ouer, wyser. Didaktiese spore moeilik misgekyk. Nes die held moet die leser ook lesse leer en illusies bevestig en instand hou.

> **Nes die held moet die leser ook lesse leer en illusies bevestig en instand hou.**

NUUSBULLETIN GEWILDSTE
1. Besering krap Rassie se planne om
2. Derde keer toe nié skeepsreg vir Moyo
3. Cosatu: Ons is gereed vir bankstaking
4. Trump sê staat van beskuldiging is goed vir sy veldtog
5. Die weer in jou streek Woensdag
Luister nou na Kamphoer net op Netwerk24.
Stemme
Murray La Vita
Rubriekskrywer
Murray La Vita is 'n bekroonde rubriekskrywer en profielskrywer vir Netwerk24.
Deur die oë van Antie Minnie van die Bo-Kaap

Homepage | Inbox (1,602) - hannesbarna | Earlybird: Operations Directo | Google Translate | low and behold - Google Se | Liriese Bildungsroman vang
netwerk24.com/Vermaak/Boeke/liriese-bildungsroman-vang-troebel-tydsgees-vas-20190909
Beeld Die Burger Die Burger Volksblad Rapport Huisgenoot SARIE Kuier tuis Baba Landbou Weg! Go! Sleep finweek Streeknuus Teken in vir R99 Profiel

en illusies bevestig en instand hou. ”

*Halley se komeet*, Hannes Barnard se lieflike, liriese Bildungsroman, sy fiksiedebuut, moet gelees word met 'n oor fyn ingestel op die soepel, meesleurende mag van taal, en 'n oog attent op die vasvang van die troebel tydsgees. 1986. Petrus 'Pete' de Lange se gesin woon op Dannhauser, Noord-Natalse myndorpie waar Barnard self grootgeword het. Sestien, met hormone wat hoogverraad pleeg, rugbytalent wat die tonge laat klap, en 'n witwarm kys met Renate wat hom gas gee. Sestien is wanneer jy jou liggaam die minste kan vertrou, maar daar is 'n ander soort krisis wat Petrus in die gesig staar: die gewetenskrisis.

Een aand gaan draf hy in 'n streng verbode area, en red iemand uit die kloue van die walglike boosaard Rudie. Hy wat Rudie is, sal verwoesting saai in die lewe van die Hindi-winkeleienaar, Venny, en sy dogter, Sarita, terwyl 'n swart plaaswerker, Petrus, op die toneel verskyn. Wit Pete en swart Piet, en die Indiese Sarita, ontwikkel teen (hul eie) verwagtinge in 'n sonderlinge, helende, lewenskragtige vriendskap, met 'n tragiese uiteinde.

Pete se ouers is gematig, maar Venny is 'n radikale vryheidsvegter wat 'n daadwerklike verskil wil maak. Soos Reney Warrington se *Smit Motors* word 'n klein dorpie 'n soort mikrokosmos van argetipes en stereotipes wat laag vir laag afgeskilfer word.

> **“ Die steen des aanstoots – die hele argitektuur en stelsel van apartheid – word blootgelê as die rots wat daagliks by die berg opgestoot word. ”**

Deur die oë van Antie Minnie van die Bo-Kaap
'n Stil man en 'n moord in Bethlehem

EINDTELLING
Fidji 27
Uruguay 30
SIEN MEER

komonskliek
MANS | VROUE | SOEK
DaarBuite
Ek is 'n plat op die aarde alleenloper wie leef vir my familie, honde en werk. Ek geniet tyd in die bos of op die strand wanneer ek kan. Mal oor kamp, buitelug. Nie...
dubbel_nul_7

SKAKELS
2019 Inligtingstuk....pdf
Show all
AFR 10:16 2019-09-25

Homepage | Inbox (1,602) - hannesbarna | Earlybird: Operations Directo | Google Translate | low and behold - Google Se | Liriese Bildungsroman vang
netwerk24.com/Vermaak/Boeke/liriese-bildungsroman-vang-troebel-tydsgees-vas-20190909
blootgelê as die rots wat daagliks by die berg opgestoot word. ”

Sondae word die belangrikste dag van die week vir jong Pete. Geen ongeluk, dan, dat Barnard besluit het op die naam van Petrus, van "Petros", wat klip beteken nie. Waar die sosiaal-ondergeskikte Petrus 'n simboliese klip in die skoen of 'n rots in die pad van Pete kon wees, een moeilik weggerol, word hulle vriendskap oor die kleurgrens een van aanvaarding en vloeibaarheid. Twee rivierklippies wat mekaar glad skuur.

Die steen des aanstoots – die hele argitektuur en stelsel van apartheid – word blootgelê as die rots wat daagliks by die berg opgestoot word. Petrus is vernaam die eerste dissipel wat Jesus geroep het – só word kontak met die goeie Petrus die motoriese moment wat Pete uiteindelik toelaat om sy eie lewe in oënskou te neem.

Barnard sal wenkbroue laat lig met sekere raspejoratiewe, maar die skrywer lewer broodnodige herinneringe aan 'n tydsgreep waar 'n minderheidsregering inderdaad die land en sy mense gevange gehou het – ondanks al die tekens van voorspoed en vooruitgang. Wel dele wat haper: in teenstelling met Pete se stem het Venny s'n my nie heeltemal oortuig nie. Die swart Petrus is ook betreklik onder-ontwikkel.

Die romantiek van die komeet is, klippies ten spyt, 'n skitterende metafoor vir soeke na hoop en wonderwerke, te midde van illusies wat gestroop word. *Halley se komeet* sal 'n uitstekende voorgeskrewe boek vir hoërskoolleerlinge wees. Mag hierdie roman nie die enigste wees uit Barnard se pen nie.

**Jonathan Amid** is 'n vryskuttaalpraktisyn en -resensent van Stellenbosch.

**Meer oor:** Hannes Barnard | Halley Se Komeet | Resensies | Boeke

## Nog stories

Uruguay 30
SIEN MEER

komonskliek
MANS | VROUE | SOEK
DaarBuite
Ek is 'n plat op die aarde alleenloper wie leef vir my familie, honde en werk. Ek geniet tyd in die bos of op die strand wanneer ek kan. Mal oor kamp, buitelug. Nie...
dubbel_nul_7
Ek mag dalk net jou voete onder jou uitruk en jou asem wegslaan. en dit is dertien potensiele belangrike woorde:-)

SKAKELS
2019 Inligtingstuk....pdf
Show all
AFR 10:16 2019-09-25